

Donderdag 17 Oktober

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-11 | Fokusgedeelte: Kolossense 3:10

Wedergeboorte lei tot 'n deurlopende proses van daaglikse besering

Deur God se genade, in Jesus Christus wat ons in die geloof omhels, gebeur daar 'n wonder: nuwe lewe, wedergeboorte, nuwe identiteit. Kolossense 3 begin met "... aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is", met ander woorde, hy praat met mense wat 'n nuwe identiteit ontvang het.

En tog, binne die gebrokenheid van hierdie wêreld en vanuit die menslike geneigdheid leef ons dikwels in stryd met dit wat ons in Christus ontvang het. Ons vermeng die ou en die nuwe mens, so asof dit maar 'n aanvaarbare vermenging is. So asof dit maar die gegewe is dat onsedelikheid, slegte begeertes, gierigheid, vuil taal, woede en leuens tog steeds deel van ons lewe hier op aarde is, ook al ken ons die Here.

Ons Skrifgedeelte praat egter skerp hieroor. Ons moet op hierdie aarde alleen die lewe van die nuwe mens leef (vs 10), ons moet die dinge wat in stryd is met die nuwe lewe doodmaak (vs 5). Nie troetel, probeer weghou, aanspreek, of mee onderhandel nie – nee, doodmaak! Daar is 'n werklike en daaglikse geveg om vanuit ons identiteit in Christus te leef in lyn met ons identiteit in Christus. Jesus moet elke dag al hoe meer sigbaar word in ons lewe. Christus is die oorsaak van ons nuwe lewe, Hy is die fokus vir ons nuwe lewe.

Jou eie ideale, kleur, ras, status, eie doelwitte en oordeel verdof alles op die agtergrond, want ons eerste fokus is op Christus. Om meer soos Hy te lewe en Hom te verheerlik, is die rede waarom ons hier is. Jesus is nie 'n deel van jou lewe nie, maar Hy is jou lewe wat bepalend is vir alle ander belangrike aspekte van jou lewe. So bevrydend: Ek leef nie meer vir myself nie!

Ons is herskape, weergebore om in die krag van die Heilige Gees 'n nuwe lewe te leef!

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)